

HOËRSKOOL OUTENIQUA



KERNWAARDES

KARAKTEROPVOEDING

KARAKTEROPVOEDING fokus op die **deugde** van 'n morele persoon en strook met die skuif in die etiek weg van die vraag: "Wat is reg en verkeerd?" na die vraag: "**Wat konstitueer 'n goeie mens?**" Hier val die klem nie op etiese probleme nie, maar op die positiewe gevolge wanneer deugde in mense ontwikkel word. (*Jeanette de Klerk-Luttig, 2015*)

Karakteropvoeding staan sedert 1923 sentraal in Hoërskool Outeniqua.

ONS WIL GRAAG KWAGGAS MET 'N KARAKTER MET INTEGRITEIT KWEK.

Waarna verwys **KARAKTER** en hoe verskil dit van temperament en persoonlikheid?

- ❖ **TEMPERAMENT** word met ons ingebore genetiese persoonskenmerke geasosieer. Dié kenmerke word sigbaar in ons denke, gevoelens en optrede. Jou temperament weerspieël jou ingebore natuurlike ligter of swaarder gemoedstoestand. Dit verklaar die mate van gereserveerdheid versus 'n sosiale uitgaande geaardheid in 'n persoon.
- ❖ **PERSOONLIKHEID** verwys na wat 'n persoon voorgee in 'n bepaalde situasie. Ons het almal ons persona nodig om onself in bepaalde situasies te handhaaf. Persoonlikheid word uit die Latynse woord **persona** afgelei wat **masker** beteken. **Persona** dien dus as die beskermlaag van die ware, dieper self.
- ❖ **KARAKTER** verwys na die **morele self**, die wyse waarop 'n persoon goed en kwaad, reg en verkeerd in sy of haar lewe uitleef. Dit verwys ook na morele waardes, morele oortuigings en morele beginsels. Karakter word sigbaar in die wyse waarop mense reg en verkeerd bedink en hanteer en of hulle optrede strook met wat hulle voorgee om te wees. Laasgenoemde verwys dan na **morele integriteit**, die mate van konsekwenheid van optrede en versoenbaarheid van wat die persoon **sê** en wat hy of sy **doen**. (*Kopskuif, Dawie Smith, 2011*)

KARAKTER verwys ook na die vermoë van die mens om aan die eise van die werklikheid te voldoen. Jou karakter, **wie jy is**, sal uiteindelik bepaal of jou verstand, talente, vaardighede, energie, ywer en vermoë om dinge te doen **suksesvol sal wees**. (*Henry Cloud, 2012*)

HOËRSKOOL OUTENIQUA



KERNWAARDES

INTEGRITEIT

Integriteit is een van daardie woorde wat ons ironies genoeg soos **ONSKULD** en **LEWE** slegs begryp in terme van sy teenoorgestelde. Dit is eers as ons ons onskuld verloor en met 'n verskriklike skuldgevoel loop, dat ons beseft wat **ONSKULD** is. Dit is eers as ons 'n geliefde aan die dood afstaan dat ons beseft wat die **LEWE** is.

As jy nie **INTEGRITEIT** het nie, sal jy dikwels wees

- ❖ Selfgesentreerd
- ❖ Hoogmoedig
- ❖ Beterweterig
- ❖ Oneerlik
- ❖ Skynheilig
- ❖ Jaloers
- ❖ Gierig
- ❖ Vergeldend
- ❖ Bang
- ❖ Lui
- ❖ Kwaad
- ❖ Vraatsugtig

Die afskuwelike
gesigte van 'n
persoon sonder
integriteit!

Die Latynse woord "in/te/ger" waaruit **INTEGRITEIT** ontwikkel het, kan in Afrikaans vertaal word met die woorde **VOLLEDIGHEID of HEELHEID**. Hierteenoor beteken die woord **DIABOLIES** (bose) om af te hok / om te verdeel / om die balans te versteur / om verskillende gesigte te hê / om gapings in jou karakter te hê.

Die seilskipmodel illustreer INTEGRITEIT uitstekend:

Die kiel, wat die boot balanseer, is ons waardes.

Die roer, is ons visie vir onself.

Dit lê diep binne ons verskuil en onbekend aan ander mense.

Die seile, wat sigbaar is, is hoe ek myself bestuur, wat ek glo, wat ek dink, wat ek voel, wat ek doen. Hoe ek teenoor God, myself en ander mense optree en wat ek vir hulle sê. My verhoudings. My leefwyse.

Die mas bring alles wat deel is van die boot by mekaar. Die mas wat alles in my lewe (my waardes, my visie, my gevoelens, my woorde en my dade) aan mekaar verbind, **IS MY INTEGRITEIT.**

As my **waardestelsel en my optrede en my woorde en my dade** dus nie ooreenstem nie, soos wanneer ek hoogmoeg, oneerlik en lui is, dan versteur ek die **balans, die heelheid, die volledigheid van my karakter** en tree ek sonder integriteit op. Die duiwel probeer die verskillende dele van die seilskip losmaak / skei / die eenheid verbreek. As die mas sou breek, sou die seilskip net op die oop see rondobber en as daar nie redding kom nie, sou dit kon sink.

Eenvoudig en prakties gestel, beteken dit dat jy **INTEGRITEIT** het as jou denke, jou woorde, jou optrede (dade) en al jou waardes altyd ooreenstem.

'n KWAGGA met INTEGRITEIT sal

- ❖ na ander mense uitreik en nie egoïsties wees nie
- ❖ nederig en respekvol te wees
- ❖ betroubaar en lojaal wees
- ❖ eerlik wees en altyd die waarheid praat
- ❖ dankbaar en diensbaar wees
- ❖ met selfbeheersing optree, geduldig en kalm wees
- ❖ nie verskillende maskers dra nie
- ❖ fluks, vlytig en hardwerkend wees
- ❖ sal vriendelik wees en positiewe, opbouwende verhoudings aanknoop
- ❖ sy of haar foute erken en dit onmiddellik regmaak
- ❖ 'n positiewe lewensuitkyk hê
- ❖ die regte ding op die regte tyd op die regte plek om die regte rede met die regte gesindheid doen

**Alles gaan
nie oor
my nie!**

Voordele van 'n karakter met INTEGRITEIT:

- ❖ Kan naby God lewe.
- ❖ Het 'n ingebore rigtingwyser.
- ❖ Het konstante vrede in die hart.
- ❖ Kan vertrouwe en respek verdien.
- ❖ Kan negatiewe situasies, struikelblokke, mislukkings, terugslae en verliese oorkom.
- ❖ Kan groei as mens en hul eie belange ondergeskik stel aan hul groter doelwitte van die lewe.

'n Paar aanhalings oor INTEGRITEIT om te onthou:

- ❖ Integriteit het nie reëls nodig nie.
- ❖ Reputasie is wat ander mense van jou dink; integriteit is wie jy regtig is.
- ❖ Plastiese mense kraak maklik; 'n karakter met integriteit kraak nie.
- ❖ Niemand kan reguit loop op 'n krom pad nie.
- ❖ Reg is reg, al is almal daarteen; en verkeerd is verkeerd, al is almal daarvoor.

RESPEK

❖ Wat is “RESPEK”?

- Eerbied te betoon
- Ontslag te hê
- Agting te hê

❖ RESPEK bring:

- Bewondering
- Waardering
- Erkenning

❖ Respek vir myself vra van my om:

- myself hoog te ag as mens
- so op te tree dat ek nie later skaam is vir my gedrag nie
- my liggaam as 'n tempel van God te sien
- so te lyk en aangetrek te wees dat ek trots voel op my voorkoms
- so deel te neem aan die geleenthede wat my gebied word, dat ek met trots en waardigheid kan terugkyk na my volwassewording by Hoërskool Outeniqua

❖ Respek vir mekaar vra van my om:

- so te lyk en op te tree dat ander wat dieselfde skoolklere dra, nie skaam is vir my nie.
- ander leerders en onderwysers se privaatheid te respekteer.
- my sê te sê sonder kru taal of 'n voortdurend afkraak en verkleinerings van ander.
- die geboue, gange en terrein so te gebruik dat dit ordelik is en nie ander ontwrig of in gevaar stel nie.
- banke, klasse, kleedkamers te laat soos ek dit graag sou wou gekry het.
- my te weerhou van onwettighede soos wapens, pornografie, dwelms en verslawende middels op 'n openbare plek soos ons skoolterrein, koshuise en orals waar ek gaan.
- waardigheid en gesag van ouer persone te erken, maar ook minderes met dieselfde waardigheid te hanteer waarmee ek hanteer sou wou word.

Twee soorte RESPEK:

- Inherente respek
- Verdienende respek

Die hoogste vorm van
respek vir mekaar,
is die wedersydse respek
en erkenning tussen seuns en
meisies, en tussen mense van
verskillende rasse en kulture.

❖ RESPEK vir gesag vra van my om:


- my by die waardesisteem van die skool te hou, omdat ek begryp dat reëls en voorskrifte daar is om my te beskerm, orde te probeer skep en opvoeding te bevorder .

OMSKRYWING VAN DIE KERNWAARDES VAN OUTENIQUA

- o die hoof en die personeel, asook die leerderleiers te erken en gehoorsaam omdat hulle optree in diens van die skool se leerders.
- o die skoolhoof as die hoogste gesag te erken, asook sy oordeel oor dit wat gepaste optrede is vir 'n leerder van Hoërskool Outeniqa.

❖ **RESPEK** vir eiendom vra van my om:

- o my skoolklere
 - skoon en netjies te hou soos wat 'n trotse skooluniform moet wees.
 - te dra sonder byvoegings soos juwele en grimering, wat nie by 'n skooluniform pas nie.
- o die eiendom en bates van die skool
 - op te pas soos my eie, deur die terrein skoon te hou en goed te bêre as ek dit gebruik het, op te ruim in klasse en kleedkamers en dit te laat soos wat ek dit graag wou vind.
 - te beskerm teen vandalisme, diefstal en verkeerde gebruik en skoon te hou van grafitti.
 - “slegs gekke en dwase skryf op mure en glase”.
- o ander se eiendom
 - slegs met hul toestemming te gebruik of te leen.
 - op te pas soos wat ek wou hê dat iemand my eiendom moet oppas.



LOJALITEIT

❖ Wat is **LOJALITEIT**?

- Trou aan 'n saak of persoon waarteenoor 'n mens 'n verbintenis of verpligting het
- Getrou aan / Onverdeelde trou
- Opreg
- Geheg aan

❖ **LOJALITEIT** na binne vra van my om:

- Outeniqua se belange eerste te stel
- Outeniqua se uniforms met trots te dra
- die skoollied met oorgawe te sing
- die skoolwapen te respekteer
- die skoolvlag te respekteer
- 'n getroue ondersteuner te wees
- 'n geesdriftige, trotse Kwagga te wees
- die skool se tradisies te bewaar en uit te bou
- die skool se geskiedenis te ken en te respekteer
- deur dik en dun by die skool, sy onderwysers en sy leerders te staan
- die skool se probleme op te los deur van die VRL, graadhoofde of skoolhoof te gebruik
- die skoolgees te bevorder deur positief te wees, en so min as moontlik te kla
- wetsoortreders wat ons naam, eiendom of skoolgees bedreig, aan te spreek of te laat aanspreek
- die skool se gedragskode te teken en te respekteer

❖ **LOJALITEIT** na buite vra van my om:

- positief te wees oor die skool, die personeel en die leerders in gesprekke met buite persone
- netjies te lyk en reg op te tree - ook buite die skoolterrein; selfs sonder skooluniform
- onwaarhede oor ons skool teen te staan
- my eie naam, my familie se naam en my skool se naam te beskerm
- 'n positiewe landsburger te wees wat 'n verskil maak
- die Volkslied en landsvlag te respekteer



LOJALITEIT
behels dat ek as
KWAGGA
'n verantwoordelikheid
in die skool sowel as
buite die skool het om
die naam van die skool
hoog te hou en die
skool se belange te
beskerm en uit te bou.

Hervorm en verbeter na binne;

Veg en beskerm na buite.

**Positiewe, opbouende kritiek word
sterk aangemoedig!**

(Lojale verset!!!)

DIENSBAARHEID

❖ Wat is **DIENSBAARHEID**?

- Om diensbaar te wees beteken om vir ander mense om jou beskikbaar te wees
- Om ander mense te leer ken en om hulle behoeftes raak te sien en iets daadwerklik daaraan te doen
- Om medemens te wees - en nie net mens nie
- Om hulpvaardig te wees
- Om naastediens te lewer
- Om goed te doen aan ander
- Om betrokke te wees
- Om moue op te rol
- Om nie weg te kyk van die die wêreld om jou nie, maar jousef daaraan te gee



❖ **DIENSBAARHEID** vra van jou:

- Om om te gee vir jou mede-leerders, onderwysers, ouers en die gemeenskap
- Om te help waar jy kan – veral klein, eenvoudige takies: in die klas, pouses, op die stoepe, skoolterrein, sportveld, verhoog en koshuis
- Om ten alle tye hulpvaardig te wees
- Om te doen wat jy kan, met wat jy het, waar jy is
- Om aktief betrokke te raak by die nood van mense om jou

❖ 'n Paar aanhalings oor **DIENSBAARHEID** om te onthou:

- Ek is net een, maar ek is één. Ek kan nie alles doen nie, maar ek kan iets doen.
- Liefde is liefde omdat dit hande, voete en 'n mond het.
- Doen elke dag iets vir iemand waarvoor jy nie betaal word nie.
- Egte liefde is altyd diens.
- Diens is die huur wat ons betaal vir ons plek op die aarde.
- 'n Lewe gelewe vir ander bepaal ons lewenskwaliteit.
- Die vermoë om te help is reeds 'n voorreg.
- Die eenvoudigste goeie daad is beter as die edelste goeie voorneme.
- As jy ontvrede is met jou staanplek in die lewe, bou 'n diensstasie daarop.
- God het aan ons twee hande gegee: een om te ontvang en een om te gee.
- Jy gee maar min as jy van jou besittings gee. Dit is wanneer jy van jousef gee dat jy waarlik gee.
- Vriendskap ontstaan uit die gewoonte om 'n diens aan mekaar te lewer.

Diensbaarheid is nie altyd maklik of lekker nie, maar dit is altyd die moeite werd.

EERLIKHEID

❖ Wat is **EERLIKHEID**?

- Nie geneig tot bedrog, leuens en diefstal nie
- Opreg, betroubaar, regverdig
- Geregtigheid
- Wat die waarheid spreek; nie die feite verdraai nie
- Eerbaar, rein, kuis



❖ **EERLIKHEID** vra van jou:

- Om nie te lieg nie, maar altyd die waarheid te praat
- Om nie te steel nie of sonder toestemming te leen nie
- Om altyd volgens die reëls van die spel te speel
- Om nie plagiaat te pleeg nie
- Om nie in toetse en eksamens af te skryf nie
- Om nie huiswerk of take af te skryf nie
- Om nie van ander mense te skinder nie
- Om nie valse gerugte te versprei nie – veral nie op sosiale media nie
- Om nie valse verklarings af te lê nie
- Om te erken as jy verkeerd is (dit is 'n bewys dat jy vandag slimmer is as gister)
- Om nie skynheilig te wees nie

EERLIKHEID

Die gevolge van bedrog en leuens is erger as dié van die waarheid!

❖ 'n Paar aanhalings oor **EERLIKHEID** om te onthou:

- Die grootste skynheiliges is hulle wat nie meer hul eie valsheid raaksien nie en dan met opregtheid begin lieg.
- Dit is beter om gehaat te word vir wat jy is, as om geëer te word vir wat jy nie is nie.
- Dit is nie die feit dat jy vir my 'n leuen vertel het wat vir my so verskriklik is nie, maar die feit dat ek jou nie langer volkome kan vertrou nie – al probeer ek hoe hard.
- 'n Reguit lyn is die kortste afstand tussen twee punte in die meetkunde; en so ook in die morele lewe.
- Wees aan jouself getrou... dan sal jy aan niemand anders ontrou wees nie.
- Al loop die leuen so snel, die waarheid agterhaal hom wel.
- Die waarheid wat mense vry maak, is meestal die waarheid wat mense nie graag wil hoor nie.
- Die waarheid word nie net deur leuens verkrag nie, maar ook deur stil te bly.
- Die waarheid is nie altyd gewild nie, maar is altyd reg.
- Almal prys die waarheid aan, maar min beoefen dit.
- Die waarheid vrees geen toets nie.
- Alles kan nagmaak word, behalwe die waarheid.
- Die halwe waarheid is die gevaarlikste leuen.
- As jy nie die waarheid oor jouself vertel nie, sal jy dit ook nie oor ander vertel nie.
- Mense wat een keer 'n leuen vertel het, vind dat hulle dit die tweede keer makliker doen, en kort voor lank word dit 'n gewoonte.
- 'n Begeerte na waarheid, is 'n begeerte na God.

Die Instituut vir Gedragmotivering het bevind dat 97% van alle mense leuens vertel – en dat elkeen van hulle dit omtrent 'n duisend keer per jaar doen. (MP Horban)

Wees eerlik met jouself oor jou vooroordele.

NEDERIGHEID

❖ Wat is **NEDERIGHEID**?

- Wat die self nie op die voorgrond stel nie
- Beskeie
- Ootmoedig
- Nie veeleisend nie
- Sonder aanmatiging
- Onderworpenheid



❖ **NEDERIGHEID** vra van my:

- Om nie hoogmoedig te wees nie
- Om nie op enige persoon neer te sien nie
- Om nie onbillike, selfgerigte eise aan die skool, personeel en ander leerders te stel nie
- Om my plek te ken
- Om vir ander mense ruimte te gee om hulself te wees
- Om nie myself as groter as die instansie of die spel te sien nie
- Om nie die middelpunt van alles te wees nie

❖ 'n Paar aanhalings oor **NEDERIGHEID** om te onthou:

- Nederige mense dink nie minder **van** hulleself nie; hulle dink net minder **aan** hulleself.
- Die meeste probleme in die wêreld word veroorsaak deur mense wat belangrik wil wees.
- Ons is so vol van onself ... dat ons selfs omgee vir die opinie van mense vir wie ons nie omgee nie.
- As jy 'n hoë huis van deug wil bou, moet jy sorg dat jy 'n diep fondament van nederigheid lê.
- 'n Fout wat 'n mens nederig maak, is oneindig meer werd as sukses wat jou selftevrede laat.
- As jy beskeie is, kan niks jou raak nie: nóg lof, nóg veragting, want jy weet presies wat jy is: net 'n instrument wat God wil gebruik.
- Die grootste toets vir menslike grootheid is ware nederigheid.
- Oppas vir die fout wat baie mense maak: hulle sê hulle wil nederig wees, maar hulle is bang om te ver te gaan daarmee. Hulle het so baie voorbehoude, stel so baie grense, redeneer so baie oor die konsep van wat nederigheid nou eintlik is dat hulle nooit by die praktyk daarvan uitkom nie. Nederigheid is doodeenvoedig: om te sterf aan jousef.
- 'n Trotsaard sien neer op alles en almal rondom hom. En solank 'n mens afkyk, kan jy natuurlik nie sien Wie bo jou is nie.
- Trots bou mure tussen mense; nederigheid bou bruê.
- Nederigheid is die olie wat verhoudings gladstryk.
- Nederigheid beteken nie dat jy jousef verkleiner of jou sterk punte ontken nie; dit beteken eerder dat jy oor jou swakhede eerlik is.

| |
|---|
| <p>Nederigheid kan nooit val nie.</p> <p>CJ Langenhoven</p> |
|---|

| |
|--|
| <p>Waak daarteen om of 'n te hoë dunk van jousef te hê of 'n onrealistiese lae selfbeeld.</p> |
|--|

BETROUBAARHEID

- ❖ Wat is **BETROUBAARHEID**?
 - Wat jy kan glo
 - Wat vertrou kan word
 - Waop gereken kan word

- ❖ **BETROUBAARHEID** vra van my
 - Om 'n ware staatmaker te wees
 - Om absoluut geloofwaardig op te tree
 - Om 'n getroue vriend te wees
 - Om so op te tree dat mense my ten volle kan vertrou

- ❖ 'n Paar aanhalings oor **VRIENDSKAP** om te onthou:
 - Vriendskap met jousef is die heel belangrikste, want daarsonder kan jy nie 'n vriend wees vir ander nie.
 - 'n Getroue vriend is lewensmedisyne.
 - Dit is 'n onontbeerlike lewensmiddel – 'n vriend by wie 'n mens opreg kan wees soos hy teenoor jou. 'n Mens moet 'n vriend hê voor wie jy hardop kan dink. Bowenal moet jy 'n vriend hê wat saam met jou kan lag.
 - Om vriende te hê verminder 'n mens se seerkry en vermenigvuldig jou geluk.
 - 'n Mens moet gemotiveerd leef, werk en vriendskap beoefen op grond van wie en hoe jy as mens in jou diepste menswees is. Die kwaliteit van vriendskap word dus bepaal deur jou eie innerlike menswees – die kwalietite wat binne-in jou is.
 - Drie dinge is nodig om 'n vriend te behou: respekteer hom in sy teenwoordigheid, prys hom in sy afwesigheid en help hom in sy nood.
 - Ware geluk lê nie in die hoeveelheid vriende wat jy het nie, maar in die keuse van vriende en hul waarde.
 - Die mens wat jy vyf jaar van vandag af gaan wees, sal in 'n groot mate afhang van twee dinge: die boeke wat jy lees en die mense wat jy jou vriende maak.
 - Almal wil vriende hê; min doen die moeite om vriende te wees.
 - Die sekerste manier om 'n vyand te ontsenu is om hom soos 'n vriend te behandel.
 - As jou vriende jou aftrek ondertoe, is dit vir jou beter om nuwe vriende te gaan maak of die pad van God alleen te stap.
 - Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.



'n Mens vergeet dikwels dat vriendskap 'n spel is wat volgens reëls gespeel moet word. Die reëls van vriendskap is maklik omdat dit niks anders is nie as 'n net van liefde wat versigtig om die vriende gedraai is en wat die broosheid van die verhouding beskerm. Hier volg 'n paar:

- ❖ *Moet nooit jou woord breek nie; (**Betroubaarheid**)*
- ❖ *Moenie van vriende skinder nie;*
- ❖ *Wees eerlik met jou vriende;*
- ❖ *Moenie dominerend wees nie;*
- ❖ *Verdra hulle foute in liefde.*
(Johan Smit)

Wees betroubaar!

'n Hoë vlak van betroubaarheid beteken dat jy jou eie belange EN die belange van ander persone op die hart dra.

DANKBAARHEID

- ❖ Wat is **DANKBAARHEID**?
 - Om vol dank te wees
 - Om erkentlikheid te getuig
 - Om dankie te sê

- ❖ Wat vra **DANKBAARHEID** van my?
 - **Om dankie te sê**
 - vir die lewe
 - vir talente
 - vir gesondheid
 - vir geleenthede
 - vir 'n skool soos Outeniqua
 - vir my ouers, familie en vriende
 - vir my onderwysers en afrigters
 - vir alles

- ❖ 'n Paar aanhalings oor **DANKBAARHEID** om te onthou:
 - Meestal vind dankbaarheid sy oorsprong in verwondering. Bowendien bestaan daar tussen albei 'n tipe kumulatiewe wisselwerking: hoe groter die verwondering, hoe groter die dankbaarheid; en hoe dieper die dankbaarheid, hoe dieper die verwondering.
 - Om dankbaar te wees is om God se liefde te herken in alle dinge wat Hy aan ons gegee het; en Hy het alle dinge vir ons gegee. Elke asemteug is 'n geskenk van sy Liefde.
 - Dankbaarheid lê naby aan tevredenheid. 'n Dankbare mens erken sy afhanklikheid van ander; hy skaam hom nie daarvoor nie.
 - Die moeilikste rekeningkunde om te bemeester is om te leer om jou seëninge te tel.
 - Toon jou dank oorvloedig en opreg; ontvang met grasie en nederigheid, maar moenie dank verwag nie.
 - Dink nie soveel aan dit wat jy nog nie het nie, maar wel aan dit wat jy reeds het.
 - Die beste toets vir 'n persoon se karakter is die hoeveelheid en opregtheid van sy dankbaarheid.
 - Dankbare mense is mense wat weet hoe kosbaar die lewe is en hoe relatief die meeste dinge is.
 - Niemand is te groot om dankie te sê nie, maar party is te klein.



Dankbaarheid impliseer dat ek iets ontvang het en dus afhanklik is van wie dit vir my gegee het of vir my gedoen het; en dat ek dit erken en uitspreek. Dankbaarheid is die erkenning dat ek nie self die oorsprong van my bestaan is nie. Dankbaarheid erken en aanvaar dat ander iets vir my doen. Ons moet leer lewe met dankbare harte, want daar is 'n neiging om alles aan onself toe te skryf, of om dit as vanselfsprekend te aanvaar. (*Piet van Breemen*)

VOLHARDING

❖ Wat is **VOLHARDING**?

- Aanhou
- Uithou
- Ten volle uitvoer
- Standvastig
- Tot die einde toe volhou
- Deursettingsvermoë
- Uithouvermoë
- Vasberedenheid
- Wilskrag

❖ **VOLHARDING** vra van my:

- Vas te byt
- Klaar te maak waarmee ek begin het
- Die wedloop te voltooi
- Te speel tot die eindfluitjie blaas
- Om hard te werk al dit nie altyd lekker nie
- Om met vasberadenheid take aan te pak
- Om nie op te hou speel as ek nie gekies word nie
- Om teleurstellings tot my voordeel te verwerk

❖ 'n Paar aanhalings oor **VOLHARDING** om te onthou:

- Dit is altyd te gou om jou op te gooi.
- Volharding beteken om negentien keer te misluk en die twintigste keer te slaag.
- 'n Hensopper wen nooit; 'n wenner hensop nooit.
- In die konfrontasie tussen die stroom en die rots is die stroom altyd die wenner; nie deur krag nie, maar deur volharding.
- Die verskil tussen 'n suksesvolle persoon en die res is nie 'n gebrek aan krag of kennis nie, maar eerder 'n gebrek aan wilskrag.
- Die basiese reëls van sukses kan as volg gedefinieer word: Weet wat jy wil hê. Vind uit hoe om dit in die hande te kry. Doen iets daaraan en volhard.
- Die een wat bo uitkom, was 'n aanhouer wat kon uithou om aan te hou.
- In tye van moedeloosheid moet jy juis volhard. Volharding is om die wil van God te doen en uiteindelik te ontvang wat HY beloof het. Jy kan net volhard as jy terugkyk én vorentoe kyk.
- Bestendigheid, volharding en uithouvermoë ten spyte van alle onmoontlikhede: dít is wat in alle omstandighede die sterkes van die swakkes onderskei.
- Volharding is nie 'n lang reis nie; dit is baie kort reise, een na die ander.
- Werkwyer en uithouvermoë oorwin alle dinge.
- Volharding maak die onmoontlike moontlik, die moontlike waarskynlik en die waarskynlike definitief.
- Moenie aan vandag se mislukkings dink nie, maar aan môre se suksesse.
- Vergeet van genialiteit. Moet jou nie bekommer oor intelligensie nie. Vertrou op harde werk, volharding en vasberadenheid.



VRIENDELIKHEID

❖ Wat is **VRIENDELIKHEID**?

- Minsaam
- Welwillend
- Innemend
- Saggeaard
- Goedgesind



❖ **VRIENDELIKHEID** vra van my:

- Om vriendelik teenoor my ouers, onderwysers en maats te wees
- Om op te staan en te groet as volwassenes verby my stap
- Om op te staan in die klas as die onderwyser inkom
- Om my opponente te groet tydens wedstryde en kompetisies
- Om met 'n glimlag en vrolike gemoed op die stoepe te beweeg sonder om uitbundig en lawaaierig te wees
- Om hoflik, spontaan en goedgesind teenoor alle mense te wees
- Welwillend en saggeaard te wees – veral in 'n onvriendelike, harde, ongenaakbare wêreld
- Om toeganklik vir vriendskap en goeie opbouwende verhoudinge te wees
- Om vriendelik en hartlik teenoor besoekers, sprekers en kunstenaars op te tree

❖ 'n Paar aanhalings oor **VRIENDELIKHEID** om te onthou:

- Vriendelikheid is die goue omboorsel wat keer dat die tafelkleed van die samelewing heeltemal ontrafel.
- Vriendelikheid is die taal wat die blinde kan aanvoel en dowe kan hoor.
- 'n Glimlag is die voetmat met "welkom" daarop, wat voor die deur van 'n vriendelike hart lê.
- Lag en die wêreld lag saam met jou; huil en jy huil alleen.
- 'n Vrolike lag het geen aksent nie.
- Vriendelikheid en lag is kalmeermiddels sonder enige nuwe-effekte.
- Ons het almal net een werklik doeltreffende wapen teen die aanslae van mense en die wêreld, en dit is vriendelikheid en die vermoë om te lag.
- Ontwapen jou vyand deur hom aan die lag te kry.
- By gelukkige mense vind 'n mens basies altyd 'n diepe gevoel van sekuriteit en spontane vreugde vir klein dingetjies en groot eenvoud.
- Vriendelikheid en geduld is twee kamele wat jou deur woestyne kan dra.
- Dit gaan sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees.
- 'n Vrolike, vriendelike mens is 'n gesonde mens; 'n neerslagtige mens raak uitgeput.

As jy warmte en vriendelikheid uitstraal, sal mense graag in jou teenwoordigheid wil wees.

Vriendelikheid is 'n vrug van die Gees

LIEFDE

❖ Wat is **LIEFDE**?

- Gevoel van eerbiedige geneetheid teenoor God
- Hartlike geneetheid
- Gehegtheid aan 'n persoon of saak
- Warme belangstelling in



❖ **LIEFDE** vra van my om

- Lief te wees vir God
- Lief te wees vir myself
- Lief te wees vir my medemens
- Lief te wees vir die natuur

Liefde kyk deur 'n teleskoop;
afguns deur 'n mikroskoop!

❖ 'n Paar aanhalings oor **LIEFDE** om te onthou:

- **Liefde van God**
 - God is LIEFDE.
 - God het ons lief, nie oor wie óns is nie, maar oor wie Hý is.
 - God het elkeen van ons só lief, asof daar net een van ons is om lief te hê.
 - God se liefde vir die onvolmaakte, sondige mens is absoluut onvoorwaardelik. Hy aanvaar jou en het jou lief net soos jy is: met jou sondes en swakhede. Ons kan sy liefde verwerp, maar ons kan Hom nie dwing om ons op te hou liefhê nie. Dit beteken vir my en jou: ontspan in God se liefde!
 - Alles wat God doen, is liefde; selfs wanneer ons Hom nie verstaan nie.
 - Aan Sy liefde is daar geen einde nie.
 - Namate 'n mens leer om in die omhelsing van God se liefde te ontspan, raak jy los van die vrese en bereid om liefde te gee.
 - Om in God se liefde te bly beteken dat jy baie naby aan Hom sal leef, dat jy moeite sal doen om Hom elke dag beter te leer ken, dat jy sy Woord sal bestudeer, sy opdragte sal uitvoer, in sy voetspore sal trap en elke dag al hoe meer soos Hy sal word.
 - God se liefde vir ons is nie 'n liefde wat ons van swaarkry vrywaar nie, maar eerder 'n liefde wat ons deur die swaarkry dra.
 - God se liefde is vir my onuitputli, en sy liefde vir my vorm die basis van my liefde vir ánder.
- **Liefde vir God**
 - Om God lief te hê is iets baie groters as om Hom slegs te ken.
 - Die liefde van God is 'n moeilike liefde: dit vra totale selfoorgawe.
 - Om elke dag, enige tyd, op enige plek in God se oor te fluister dat ons Hom liefhet, dít is gebed.
 - Laat ek U meer liefhê as myself.
 - Om God lief te hê is die grootste deug; om deur God liefgehê te word, die grootste seën.
 - Ons liefde vir God word getoets aan die feit of ons Hom soek, of sy gawes.
 - Ons hoef nie groot dinge te doen om ons liefde vir God en mense te bewys nie. Al wat tel, is hoeveel liefde daar agter ons dade lê.

- **Liefde vir mekaar**
 - Liefde is die kern van begrip. Dit verg duidelike en onbevooroordeelde soeke. Lojaliteit beteken wesenlik om te help. Positief en met al die moontlikhede tot jou beskikking.
 - Hoe lyk liefde? Dit het **hande** om ander te help. Dit het **voete** om vinnig by armes en behoeftiges uit te kom. Dit het **oë** om ellende en nood raak te sien. Dit het **ore** om die sugte en smarte van die mens te hoor. Dit is hoe liefde lyk.
 - Liefde moet gedoen word, beoefen word; liefde moet aangeleer word.
 - Liefde is die antwoord, maak nie saak wat die vraag is nie.
 - Probeer om ander nie te oordeel nie. Wanneer jy ander oordeel, bewys jy nie liefde nie.
 - Om vir iemand lief te wees is niks anders as om vir daardie persoon die beste toe te wens nie.
 - Die vermoë om lief te hê is die vermoë om 'n slag weg te kyk van jouself en jou oë op 'n ander mens te rig.
 - Waar mense in liefde weer mens word vir mekaar, groei die hemel oor die aarde.
 - Liefde is altyd bietjie blind vir die foute van ander.
 - Liefde is nie maar net 'n gevoel nie. Liefde is 'n ooreenkoms.
 - In die rekeningkunde van die liefde is een plus een gelyk aan alles en twee minus een gelyk aan niks.
 - Liefde is die enigste mag wat 'n vyand in 'n vriend kan verander.
 - Liefde is 'n eindelose daad van vergifnis.
- **Liefde vir die self**
 - Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
 - Die liefde oorwin alle dinge; laat ons onself dus ook aan die liefde oorgee.
 - Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.

Al praat ek tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis en al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, dit in nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie eiebelang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit bedek alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nooit nie. (1 Kor. 13)

METODIEK

- ❖ 'n Lesreeks strek oor 5 registerperiodes.
- ❖ U het dus 5 x 15 minute = 75 minute per kernwaarde.
- ❖ Gebruik die leergesprek of enige kreatiewe onderrigmetode.
 - Nie lesings of preke nie.
 - Leerders moet spontaan deelneem en hul mening en insette onbevangen uitspreek en veral vertel hoe en waar hul die waarde uitleef.
- ❖ Fokus op **KARAKTEROPVOEDING** :
 - Fokus op wat 'n goeie mens konstitueer.
 - Fokus op die grondbeginsel en lewensreël dat die individu verantwoordelikheid vir sy eie gedrag aanvaar en dat sy vryheid en regte gepaard gaan met verantwoordelikhede en die inagneming van ander se regte.
 - Fokus op proaktiewe dissipline.
 - Fokus op wat gewenste gedrag is.
- ❖ Integreer met die werklikhede van die skoollewe wat die tiener beleef.
- ❖ Motiveer leerders om kernwaarde uit te leef en daarvan te vertel.
- ❖ Wees kreatief en laat die leerders die kernwaarde deur rolspel, paneelbesprekings, forums, collages, plakkate, kunswerke, ens. uitbeeld. (Ons kan kort video's skiet, foto's neem en dit in die 2de kwartaal in die saal vertoon.)
- ❖ Graadhoofde moet rondbeweeg en waardering vir die leerders se pogings toon.
- ❖ Graadhoofde gebruik wat hul waarneem as inligtingsbron vir hul graadopening.
 - Inspireer – inisieer projekte (bv. 'n Dankbaarheidsprojek vir die graad)
 - Nie preek of dreig nie
 - Skep positiewe skoolklimaat
 - Identifiseer behoeftes en kommunikeer dit met senior skoolbestuur en KOS
- ❖ Senior skoolbestuur woon ook klasse by: gee erkenning, inspireer, motiveer, gee terugvoer – bou verhouding en skep 'n positiewe skoolklimaat.
- ❖ Leerders moet voel dat hulle eienaarskap vir die proses neem.
 - Fasiliteer en begelei – die leerders en onderwysers moet praat en doen
 - Gee erkenning, moedig aan
- ❖ Gee gestalte aan 'n skooletos waarin die leerder reg wil optree.
- ❖ Bou sterk verhoudings op, leer die leerders ken en toon begrip vir hulle behoeftes, maar lê ook klem op die verantwoordelikheid wat op hulle rus.
- ❖ Skep 'n positiewe klasklimaat.
- ❖ Vakonderwysers ondersteun die proses gedurende normale vakonderrig.
- ❖ Saalopening en vierkantopening moet ook die hele proses ondersteun.
- ❖ Afrigters ondersteun die proses op die sportveld en die verhoog.
- ❖ Belangrikste: Daar moet 'n gesprek aan die gang kom en dit moet oorspoel na dade.

DIE OPVOEDKUNDIGE KLASKAMER IN OUTENIQUA

❖ Wat moet in my klaskamer wees?

- Die 2 Slagspreuke
- Die 9 Kernwaardes
- Die 5 goue klasreëls
- Die Kwaggakarakter
- Die Erkenningstabel (slegs graad 8)
- Die kreatiewe hoekie
- Die lys van oortredings
- Die lys van strawwe
- Die uiteensetting van die strafmaatreëls
- Die akademiese teikens
 - Vakteikens
- Lys van verjaarsdae
- Vakgerigte materiaal
- Enige materiaal wat 'n positiewe klasklimaat skep
- **DIE KLAS MOET OUTENIQUA PERSONIFIEER**

Karakter is 'n neweproduk in die groot werkwinkel van die daaglikse lewe.

ONDERSTEUNENDE SKRIFGEDEELTES:

| | | Merk af [x] |
|--|---|-------------|
| INTEGRITEIT en EERLIKHEID | Psalm 15: 1 – 2 / 25: 5 / 43: 3 / | |
| | Spreuke 8: 7 / 12: 19 / 23: 23 | |
| | Sagaria 8: 16 - 17 | |
| | Johannes 8: 31 – 32 / 14: 6 / 16: 13 / 17: 17 | |
| | Efesiërs 4: 25 | |
| | 2 Korintiërs 12: 10 | |
| | Titus 1: 1 - 2 | |
| NEDERIGHEID | Spreuke 11: 2; 22: 4 / 29: 23 | |
| | Jesaja 2: 11 / 57: 15 | |
| | Sefanja 2: 3 | |
| | Sagaria 9: 9 | |
| | Matteus 11: 29 / 23: 11 - 12 | |
| | Markus 10: 31 | |
| | Kolossense 3: 12 | |
| | Filippense 2: 7 - 8 | |
| | Jakobus 4: 6 / 4: 10 | |
| | 1 Petrus 3: 8 / 5: 5 - 6 | |
| DANKBAARHEID | Psalm 100: 1 – 2, 4 | |
| | Psalm 116: 17 | |
| | Psalm 117: 7 | |
| | Prediker 6: 9 | |
| | Jesaja 51: 3 | |
| | 2 Korintiërs 2: 14 | |
| | Efesiërs 5: 4, 20 | |
| | Filippense 4: 6 | |
| | Kolosense 2: 6 – 7 / 3: 15 – 17 / 4: 2 | |
| | 1 Tessalonisense 2 : 13 / 3: 9 / 5: 18 | |
| | 1 Tomoteus 2: 1 | |
| | Hebreërs 12: 28 | |
| Openbaring 7: 12 | | |
| BETROUBAARHEID | Job 2: 11, 13 / 6: 14 / 19:21 / 42: 10 | |
| | Spreuke 12: 26 / 17: 9 / 17: 17 / 18: 24 / 24: 26 | |
| | Prediker 4: 9 - 12 | |
| | Jesaja 50: 5 | |
| | Galasiërs 6: 2 | |
| DIENSBAARHEID | Spreuke 14: 27 | |
| | Jesaja 58: 6 - 7, 10 | |
| | Matteus 20: 26 - 28 | |
| | Johannes 12: 26 / 17:4 | |
| | 1 Korintiërs 4:5 / 7: 24 | |
| | 2 Korintiërs 9: 13 | |
| | Galasiërs 5: 13 / 6: 9 - 10 | |
| | Efesiërs 2: 10 | |
| 1 Petrus 4: 10 | | |
| RESPEK | 1 Samuel 2: 30 | |
| | Levitikus 19: 32 | |
| | Filippense 2: 5 - 11 | |
| | Johannes 13: 3 – 17 1 - 13 | |
| VOLHARDING | Jesaja: 32: 17 | |
| | Matteus 24: 13 | |
| | Romeine 2: 7 | |
| | Filippense 3: 13 – 14 | |
| | 1 Timoteus 3: 10 | |
| | Jakobus 1: 3 - 4 | |
| Openbaring 3: 10 | | |

OMSKRYWING VAN DIE KERNWAARDES VAN OUTENIQUA

| | | |
|-----------------------|-----------------------------------|--|
| LOJALITEIT | 1 Samuel 20: 14 – 17 | |
| | 2 Samuel 15: 13 - 23 | |
| | Spreuke 3: 3 | |
| | Psalm 12: 1 | |
| | Matteus 5: 37 | |
| | Markus 8: 34 – 35 | |
| | Efesiërs 6: 7 - 9 | |
| | Kolossense 3: 23 | |
| LIEFDE | Prediker 3: 1 – 2, 7 - 8 | |
| | Prediker 4: 9 - 11 | |
| | Psalm 136 | |
| | Matteus 22: 37 - 38 | |
| | Markus 12: 32 - 33 | |
| | Johannes 3: 16 | |
| | Johannes 15: 12 | |
| | Romeine 8: 38 – 39 | |
| | 1 Johannes 4:7 – 8 / 11 – 12 / 16 | |
| | 1 Korintiërs 13 | |
| VRIENDELIKHEID | Gal 5: 22 | |
| | Fil 4: 4 - 5 | |
| | 1 Petrus 3: 8 | |
| | Titus 3: 3 - 5 | |
| | 2 Tim 2: 2 / 2 Tim 2: 14 - 26 | |

Saai 'n gedagte en jy oes 'n daad;
Saai 'n daad en jy oes 'n gewoonte.
Saai 'n gewoonte en jy oes 'n karakter;
Saai 'n karakter en jy oes die ewigheid.

Gawes en talente word aan ons gegee, maar karakter moet ons self ontwikkel. Ons karakter is van deurslaggewende belang omdat ons daardeur die vertroue van ander wen. Slegs 'n edel karakter bied blywende sukses met mense.

NEDERIGHEID

Basiese trots, almag, hovaardigheid, grootheidswaan of narsisme – dit is eienskappe van iemand wat homself beskou as verhewe bo ander, beter as enigiemand anders, alwetend. Dit kom nooit eers by hom op om te erken dat hy verkeerd oor iets kan wees nie.

INTEGRITEIT

Ons strewe om 'n Kwaggakarakter te ontwikkel waar al die aspekte van sy of haar karakter onverdeel is en bymekaar kom in 'n Kwagga wat samehangend (heel) is.

Oneweredige groei is 'n teken van die een of ander soort verbrokkeling in die persoon.

Dit is belangriker om die regte dinge te doen as om dinge reg te doen!

UIT BETROUBAARHEID VLOEI VERTRoue

As ek jou net kan vertrou om aan my kant te wees wanneer ek aan jou goed doen, is ek in die moeilikheid.(Prestasie)

As jy my egter verwerp wanneer ek nalaat om my kant te bring, is ek voortdurend bang en behoedsaam. (Vrees)

Jy sal aan my goed doen, selfs wanneer ek nie kyk nie. Dit is die hoogste vlak van betroubaarheid. (Integriteit)

Die paradoks bly altyd waar:

As jy jou eie dinge prysgee, kry jy meer.

As jy net na jouself wil omsien, verloor jy ook dit wat jy het.

Hoe meer ons uitvind oor karakter, hoe meer sien ons dat

integrasie en heelheid allerbelangrik is.

Alles werk saam en as ons met een sukkel, sal dit beslis die ander beïnvloed.

Die vernaamste rede vir 'n gebrek aan groei in mense se lewens is die afwesigheid van aansluiting met kragte buite hulself wat hulle dryf om te groei.

Dink aan die rol van die knap afrigter / onderwyser / koorleidster.

IEMAND SE KARAKTER KAN NET GROEI AS DIT
VRY IS VAN INTERNE AANVALLE.

ONS HOU ONSSELF GEVANGE!

'n Val het nog nooit 'n kind se ontwikkeling gestrem nie,
maar mense wat op hulle skreeu, hulle kritiseer en verkleineer,
kan hul ontwikkeling lewenslank strem.

Waardes is soos geloof: "As dit nie tot dae oorgaan nie, is dit sonder meer dood."


As waardes nie sigbaar uitgeleef word nie, is hulle nie veel meer as 'n intellektuele oefening nie en maak hulle min verskil aan die volgstroom van mense se lewens.

As ons wil weet wat vir ons waardevol is, moet ons kyk waaraan ons
ons tyd en energie bestee.

Met ander woorde, waar ons skat is, daar sal ons hart ook wees.

Die onvolwasse karakter verwag die lewe moet aan sy
eise voldoen, maar die volwasse karakter voldoen
aan die eise van die lewe.

Henry Cloud



**Kom ons help
mekaar om
ons karakter
te ontwikkel.**

AL WAT JY WERKLIK KAN VERBETER IS JOUSELF!